# Gr. R Stralejakkers



# Prospektus 2024

DESIGN EMPEROR

@STRALEJAKKERSIMPALA

# Inhoudsopgawe

1. VOORBLAD
2. INHOUDSOPGAWE
3. 'N BRIEF VAN DIE SKOOLHOOF
4. 'N BRIEF VAN DIE DEPARTEMENTSHOOF
5. BESTUUR & KANTOORPERSONEEL
6. GRAAD R PERSONEEL
7. GRAAD RR PERSONEEL & STUDENTE
8. KONTAKBESONDERHEDE
9. KOMMUNIKASIE
10. SKOOLGELDE EN REGISTRASIE
11. GRAAD R DAGPROGRAM
12. GRAAD R AKTIWITEITE
13. GRAAD RR DAGPROGRAM
14. GRAAD RR AKTIWITEITE
15. SKOOLGEREEDHEID
16. JUFFROU LEER ONS OM..
17. HOE KAN OUERS HELP?
18. SNOEPIE
19. GRAAD R BENODIGHEDE
20. GRAAD RR BENODIGHEDE
21. SKOOLDRAG
22. SKOOLURE
23. SKOOLBELEID
24. SKOOLBELEID VERVOLG
25. INSTAPPIES
26. KIEKIES (FOTO'S)
27. GRAAD R BANK BESONDERHEDE
28. GRAAD RR BANK BESONDERHEDE
29. STRALEJAKKERS KAART





DESIGN EMPEROR

# Liewe ouers...

LAERSKOOL IMPALA IS 'N GEVESTIGDE SKOOL WAT KAN SPOG MET 'N VOEDINGS- FASILITEIT SOOS ONS GR R/RR SENTRUM.DIT IS 'N KLEURVOLLE SENTRUM WAAR DIE JAKKERTJIES EN RAKKERTJIES VAN KLEINS AF GELEER WORD DEUR TE SPEEL EN WAAR HULLE IN 'N UITERS VEILIGE LEEROMGEWING DIE FYNERE KUNSIES VAN OPVOEDING AANLEER.

STRALEJAKKERS IS 'N SPOG SENTRUM MET GEKWALIFISEERDE ONDERWYSERESSE WAT HULLE LIEFDE VIR KINDERS UITLEEF. VROEË KINDER ONTWIKKELINGS-VAARDIGHEDE WORD TOEGEPAS OM ELKE LEERLING TE ONTWIKKEL OP SY EIE UNIEKE MANIER. DAAR WORD IN ELKE KLASSIE ONDERRIG GEGEE IN AFRIKAANS EN LEEF DIE KINDERTJIES EN ONDERWYSERESSE OOK HUL CHRISTELIKE ETOS UIT OP ALLE TERREINE. ONS LEERDERS IS GELUKKIGE KLEUTERS WAT LIEFDEVOL, VINNIG EN VLYTIG GROEI IN HUL LEEROMGEWING.

DIE ONTWIKKELING VAN GROOT MOTORIESE EN KLEIN MOTORIESE VAARDIGHEDE GENIET DEURLOPENDE AANDAG EN STIMULERING IN DIE KLASKAMER SOWEL AS OP DIE PRAGTIGE SPEELTERREINE.

OM DEEL TE WEES VAN HIERDIE GESIN, IS OM JOU KIND 'N VOORSPRONG IN DIE LEWE TE GEE. DIT IS HIER WAAR ELKE KINDJIE SY/HAAR EIE KARAKTER BOU EN ONTWIKKEL. HIER IS DIE KANS OM U KINDJIE 'N GROOT VOORSPRONG TE GEE EN OM SEKER TE MAAK DAT HULLE DEEL KAN WEES VAN DIE IMPIE GESIN EN ONS SPOGSKOOL.

MNR WILLEM JACOBS
HOOF





# Liewe ouers...

HIER BY STRALEJAKKERS STREEF ONS DAARNA OM U KIND GEREED TE MAAK VIR GRAAD R & GRAAD 1. ONS WIL NIE HÊ DAT U AS OUER TE VEEL BEKOMMERD MOET WEES AS U KINDJIE SEKERE DINGE NIE KAN DOEN NIE.

ONTHOU! DIE BELANGRIKSTE IS U KIND SE SELFBEELD. DIS BELANGRIK VIR ONS ALMAL OM 'N POSITIEWE BEELD VAN ONSSELF TE HÊ, NET SO OOK U KIND. AS HY/SY 'N POSITIEWE BEELD HET VOEL HY/SY GOED OOR HOM/HAARSELF, VOEL DAT HY/SY INSTAAT IS OM DINGE TE DOEN, TE WAAG EN NUWE UITDAGINGS AAN TE PAK. LAAT U KIND ALTYD GOED VOEL OOR WIE EN WAT HY/SY IS EN WAT HY/SY KAN DOEN. ELKE KIND HET 'N VEILIGE RUIMTE NODIG, BY DIE HUIS SOWEL AS HIER BY DIE SKOOL OM DAN OOK SO 'N POSITIEWE SELFBEELD TE ONTWIKKEL.

OM SO 'N VEILIGE RUIMTE VIR U KIND TE SKEP EN TE VERSEKER, VOLDOEN IN SY BASIESE BEHOEFTES SOOS VOEDSEL, KLEDING, VEILIGHEID EN DIE HEEL BELANGRIKSTE IS BAIE AANDAG EN LIEFDE.

HIERMEE DOEN ONS AS PERSONEEL VAN STRALEJAKKERS EN STRALERAKKERS 'N VRIENDELIKE TOG ERNSTIGE BEROEP OP U AS OUERS, OM SAAM MET ONS TE WERK, EERDER AS TEEN ONS. AL DIE SUKSES BERUS JUIS OP U POSITIEWE SAMEWERKING. SONDER U HULP EN ONDERSTEUNING KAN DAAR NIE IDEALE NAGESTREEF WORD NIE.

STRALEJAKKERGROETE
MARIETA VAN DEVENTER








DESIGN EMPEROR

# Bestuur

## SKOOLHOOF



Mnr. Willem Jacobs

## DEPARTEMENTSHOOF



Juffrou Marieta

# Kantoor

## ONTVANGS



Mev. Liza Du Plessis



DESIGN EMPEROR

# Graad R Personeel

## BOKKIE KLAS



Juffrou Liezl

## BYTJIE KLAS



Juffrou Alisa

## ZEBRA KLAS



Juffrou Kayla

## REENBOOG KLAS



Juffrou Roelien

## UILTJIE KLAS



Juffrou Marna

## PIKKEWYN KLAS



Juffrou Bianca

## Graad RR

# Personeel

### SKAPIE KLAS



Juffrou Nadia

### OLIFANT KLAS




Juffrou Tersia

### KAMEELPERD KLAS



Juffrou Danielle

### KOALA KLAS



Juffrou Rualiene


# Studente

### STUDENT



Juffrou Megan

### STUDENT



Juffrou Chane

### STUDENT



Juffrou Belle



DESIGN EMPEROR

# Kontak besonderhede

011 975 3436
063 468 2426

GRAADR@IMPIES.CO.ZA
FAKS: 086 269 7601

ME. M. VAN DEVENTER:
MARIETA@IMPIES.CO.ZA

WEBSITE: WWW.IMPIES.CO.ZA

FACEBOOK:
STRALEJAKKERS GR.R & RR SENTRUM

MOET ASSEBLIEF NIE HUIWER OM ONS TE KONTAK INDIEN U ENIGE INLIGTING VERLANG OF PROBLEME ONDERVIND NIE.

DESIGN EMPEROR

# Kommunikasie

**OMSENDBRIEWE:**

- OMSENDBRIEWE EN WHATSAPP-GROEPE IS ONS AS STRALEJAKKERS SE MANIER OM MET U AS OUERS TE KOMMUNIKEER.
- DAAR SAL OOK 'N "IMPIENUUS" & "STRALIE-NUUS"UITGESTUUR WORD MET ALLERHANDE NUUS AANGAANDE DIE LAERSKOOL EN ONS GRAAD R-SENTRUM.

OUERS WORD AS VENNOTE IN DIE OPVOEDINGSPROSES GESIEN EN DAAROM WORD DAAR VAN OUERS VERWAG OM VOORTDUREND BETROKKE TE WEES BY ALLE ASPEKTE VAN U KIND SE ONTWIKKELING.

**WHATSAPP-GROEPE:**

- ELKE JUFFROU HET 'N WHATSAPP-GROEP VIR HAAR KLAS.
- ONS VERSOEK DAT KOMMUNIKASIE OP DIE GROEPE BEPERK WORD TOT DIE DEURGEE VAN BELANGRIKE INLIGTING EN DAT DIT NIE 'N GESELS PLATVORM WORD NIE.

**ALGEMEEN:**

- SWAK TAAL, BAKLEIERY, LELIKE MANIERE EN BESKADIGING OF NEEM VAN ANDER SE EIENDOM, WORD NIE TOEGELAAT NIE, EN SAL IN 'N ERNSTIGE LIG BESKOU WORD.
- BLY LOJAAL TEENOOR ONS SENTRUM, EN WEES VRIENDELIK EN BEHULPSAAM TEENOOR DIE OPVOEDERS, ADMINISTRATIEWE PERSONEEL, MAATS EN ALGEMENE ASSISTENTE.
- GEEN KOUGOM WORD OP DIE SKOOLTERREIN TOEGELAAT NIE.

**BESOEKE VAN OUERS TYDENS SKOOLURE:**

- INDIEN U DIE ONDERWYSERES WIL SPREEK, MOET 'N AFSPRAAK VOOR/NA SKOOLURE GEREËL WORD.
- AFSPRAKE KAN DEUR DIE KANTOOR/SELF MET ONDERWYSERES GEREËL WORD.



DESIGN EMPEROR

# Skoolgelde en registrasie

- SKOOLGELDE WORD JAARLIKS DEUR DIE BEHEERLIGGAAM VASGESTEL EN AAN DIE OUERS VOORGELÊ TYDENS DIE JAARLIKSE BEGROTINGSVERGADERING
- DIE GR. R/RR-SENTRUM TARIEWE IS OOR ELF MAANDE VOORUIT BETAALBAAR VOOR DIE 7DE VAN ELKE MAAND

SKOOLFOOIE VIR 2023 IS AS VOLG VIR GR R :
(HIERDIE FOOIE GAAN VERANDER)
HALFDAGFOOIE : R1,590-00 (06:30 - 13:00)
VOLDAGFOOIE : R2,640-00 (06:30 - 17:30)


- DAAR IS GEEN REGISTRASIEFOOI BETAALBAAR VIR GR. R NIE. INSKRYWING IS GRATIS.

SKOOLFOOIE VIR 2023 IS AS VOLG VIR GR RR :
(HIERDIE FOOIE GAAN VERANDER)
HALFDAGFOOIE : R1,650-00 (06:30 - 13:00)
VOLDAGFOOIE : R2,750-00 (06:30 - 17:30)

- REGISTRASIEFOOI VIR ALLE NUWE GR. RR LEERDERS (LEERDERS WAT NIE UIT IMPALA KULTUUR KLEUTERSKOOL NA GR. R TOE KOM NIE) IS BETAALBAAR SAAM MET DIE INSKRYWING EN BELOOP R350-00. IMPALA KULTUUR KLEUTERSKOOL SE LEERDERS BETAAL GEEN REGISTRASIEFOOI NIE.
- FOOIE KAN KONTANT, PER EFT OF MET 'N MAANDELIKSE DEBIET ORDER BETAAL WORD. U WORD EGTER VERSOEK OM DIE BETAALSTROKIE DEUR TE EPOS VIR REKORD DOELEINDES
- DIE EERSTE PAAIEMENT VAN SKOOLGELDE VIR 2023 IS BETAALBAAR VOOR OF OP 31 DESEMBER 2022. DIT DIEN DAN OOK AS JANUARIEMAAND SE SKOOLGELDE

Graad R

# Dagprogram



| | |
|---|---|
| 6:30 - 7:30 | Aankoms |
| 7:30 - 7:50 | Groettyd |
| 7:50 - 8:40 | Wiskunde |
| 8:40 - 9:06 | Vryspel & eet |
| 9:06 - 9:46 | Taal |
| 9:46 - 10:56 | Toiletroetine & vryspel |
| 10:56 - 11:46 | Lewensvaardigheid |
| 11:46 - 12:06 | Daaglikse storie |
| 12:06 - 12:30 | Ekstra aktiwiteite |
| 12:30 - 13:00 | Vertrek |



DESIGN EMPEROR

Graad R

# Aktiwiteite

DIT IS VIR ONS BAIE BELANGRIK DAT DIE ONDERRIGTYD OPTIMAAL BENUT WORD IN ONS GR. R- KLASSE. ONS KAN U VERSEKER DAT ALLE ASPEKTE VAN U KIND SE ONTWIKKELING IN ONS KURRIKULUM SORGVULDIG INGEBOU IS, OM U KIND GEREED TE MAAK VIR GR.1.

DIE VOLGENDE AKTIWITEITE IS DEEL VAN ONS KURRIKULUM:

- BALSPELETJIES, FISIESE AKTIWITEITE ENS.
- BAK EN BROU
- BOU EN SKEP MET KLEI
- MUSIEK EN SANG
- ROBOTIKA
- KINDERKINETIKA
- READING ROCKET

BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE WAT GRATIS DEUR DIE GR R PERSONEEL AANGEBIED WORD NA SKOOLURE:

- NETBAL
- ATLETIEK
- MINI-KRIEKET
- MINI-HOKKIE


BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE WORD DEUR BUITE AFRIGTERS AANGEBIED: STRALEJAKKERS BIED VERSKEIE SPORT-AKADEMIES AAN. DIT VIND PLAAS IN ONS GESKEDULEERDE SPEELTYE WAT DEUR PROFESSIONELE AFRIGTINGS-INSTANSIES TEEN 'N MINIMALE MAANDELIKSE FOOI BESKIKBAAR IS.



DESIGN EMPEROR

## Graad RR

# Dagprogram



| | |
|---|---|
| 6:30 - 7:30 | Aankoms |
| 7:30 - 8:00 | Vryspel |
| 8:00 - 8:10 | Toiletroetine |
| 8:10 - 8:15 | Groettyd & register |
| 8:15 - 8:30 | Mattyd |
| 8:30 - 9:00 | Skeppende werk |
| 9:00 - 9:30 | Fyn motoriese aktiwiteit |
| 9:30 - 10:00 | Eettyd |
| 10;00 - 11:00 | Buitespel |
| 11:00 - 11:30 | Daaglikse storie |
| 11:30 - 12:00 | Ekstra aktiwiteite |
| 12:00 - 12:20 | Rustyd |
| 12:30 - 13:00 | Vertek |



# Graad RR

# Aktiwiteite

**MUSIEK:**
DIT IS BESLIS VIR ELKE KLEUTER 'N GENOTVOLLE ERVARING. DAAR WORD KLEM GELÊ OP GEHOORONTWIKKELING EN MUSIEK HELP OOK MET DIE ONTWIKKELING VAN KONSENTRASIE EN GROOTSPIER ONTWIKKELING.

**ROBOTIKA:**
BEVORDER WISKUNDE EN WETENSKAP. ONTWIKKEL BELANGRIKE VAARDIGEHEDE SOOS PATRONE, METING, KREATIEWE DENKE EN VOLGORDE VAN GEBEURE.

**BEWEGINGSAKTIWITEITE:**
LIGGAAMSBEWEGING IS DIE MEES BASIESE EN BELANGRIKSTE KOMPONENT IN DIE KIND SE ONTWIKKELING EN 'N KIND LEER BAIE DEUR BEWEGING EN SPEL.

**SKEPPENDE AKTIWITEITE:**
'N KIND LEEF HOMSELF UIT IN SKEPPENDE KUNSTE EN KAN SY/HAAR GEMOED SOMMER GOU-GOU BEPAAL WORD.

**TAALAKTIWITEITE:**
ONS BEHANDEL 'N WYE VERSKEIDENHEID TEMAS EN ELKE DAG WORD 'N ANDER ASPEK VAN DIE TEMA BESPREEK.HIERDEUR WORD TAALAKTIWITEITE BY DIE DAAGLIKSE PROGRAM INGESLUIT.

# Skoolgereedheid

## WAT IS SKOOLGEREEDHEID?

DIT IS DIE BEGRIP WAT BEPAAL OF U KIND GEREED IS VIR SKOOL (FORMELE ONDERRIG) OF NIE. SKOOLGEREEDHEID KAN AANGEHELP WORD EN DAAR IS NIKS GEHEIMSINNIGS OMTRENT DIE BEGRIP NIE. DIT HET TE MAKE MET AL DIE ASPEKTE VAN U KIND SE WESE.

DIE ONTWIKKELING VAN U KIND BY SKOOLTOELATING KAN AS VOLG BESKOU WORD:

- LIGGAAMLIK
- SPEL

EEN VAN DIE EFFEKTIEFSTE WYSES WAAROP KINDERS VAN HULLE VERANDERDE WÊRELD LEER, IS DEUR SPEL. SPEL STIMULEER DENKE. DAAR IS NIE 'N EINDPRODUK IN KINDERSPEL NIE; DIT GAAN VIR HULLE OOR DIE DEELNAME. SPEL IS DIE BELANGRIKSTE ASPEK IN 'N KIND SE LEWE. HY BEWEEG OM TE LEER, MAAR LEER OOK OM TE BEWEEG. HULLE MOET DIE GENOT ERVAAR OM IETS AANMEKAAR TE SIT EN OM DIT UITMEKAAR TE HAAL, OM IETS TE GOOI EN TE VANG.

# Juffrou leer ons om...

1. IN 'N BAAN TE HARDLOOP SODAT EK LATER TUSSEN LYNE KAN SKRYF

2. JUFFROU GAAN MY BALSPELETJIES LEER SODAT EK KAN LEER OM BLADSYE VOL TE WERK.

3. EK GAAN MET KLEI SPEEL SODAT MY VINGERS EN HANDSPIERE OEFENING KRY, DAN SAL EK MOOI SKRYF EN EK SAL WEET HOE HARD EK OP MY POTLOOD KAN DRUK.

4. EK GAAN KLIM EN KLOUTER EN SO DIE RUIMTE LEER KEN. DIT SAL MY OOK LEER VAN HOOG EN LAAG, VER EN NABY, KORT EN LANK EN BAIE MEER.

5. EK GAAN BAIE RITMIESE WERK DOEN, SODAT EK VLOEIEND KAN LEES EN TEL.

6. EK GAAN BAIE LEGKAARTE PAK, WANT DIT SAL MY HELP OM LETTERS EN SYFERS VINNIG AAN TE LEER.

7. EK GAAN BAIE SPELETJIES SPEEL. DAARUIT GAAN EK LEER OM TE TEL, OM MY TAKE TE ORDEN, OM TE LUISTER, EN OM MET ANDER SAAM TE WERK.

8. EK GAAN MY DENKVERMOË EN WISKUNDE BEVORDER MET ONS ROBOTIKAPROGRAM



DESIGN EMPEROR

# Hoe kan ouers help?

ONTHOU DAT EK LEER DEUR MY SINTUIE:
SIEN, HOOR, VOEL, RUIK, EN PROE.

HULLE KAN HELP OM MY TE LEER VAN WARM EN KOUD, SOET EN SUUR, HARD EN SAG, ENS.

HULLE KAN ONS NEEM NA MUSEUMS, PARKE, DIERETUINE, STASIES, PLASE EN LUGHAWENS.

DEUR ELKE AAND VIR MY 'N STORIE TE LEES.

DEUR MY TE LEER OM WAAR TE NEEM, TE ONTDEK EN TE EKSPERIMENTEER.

MY SPEELGOEDKAS IS VOL POPPE EN HUISHOU-SPEELGOED, BOUBLOKKE, LEGKAARTE, MUSIEKINSTRUMENTE, PRENTBOEKE, 'N HAMER, SPYKERS, SAAG EN PLANKIES, HANDPOPPE, ROLSKAATSE, KLEI, KRYT, WATERVERF, GOM EN 'N STOMPPUNT SKÊR, MAAR MAMMA-HULLE GAAN MY TOELAAT OM VAN ENIGE DENKBARE DING 'N SPEELDING TE MAAK.

OM SUKSES TE BEREIK IS LEKKER, EN AS EK 'N DING EERS REGGEKRY HET, SAL EK DIT OOR EN OOR WIL DOEN. HELP MY OM TE VERSTAAN DAT "AANHOUER-WEN" LEKKERDER IS AS ONMIDDELLIKE SUKSES.

OM VROEG TE GAAN SLAAP IN DIE WEEK



DESIGN EMPEROR

# Snoepie

STRALEJAKKERS SE SNOEPIE IS OOP OP DIE VOLGENDE DAE:

## MAANDAE
## WOENSDAE
## VRYDAE

ONS SNOEPIE VERKOOP ALLERHANDE LEKKERNYE! SOOS SKYFIES, KOELDRANK, LEKKERS EN SPEELGOED



DESIGN EMPEROR

Graad R

# Ekstra benodighede

DIE GR. R-SKRYFBEHOEFTEPAKKET WORD DIREK DEUR DIE BUBBLE SHOP AANLYNWINKEL AANGEKOOP:
HTTPS://BUBBLEAPP.CO.ZA/STORE/IMPALA-LAERSKOOL/
OF BY "COOL4SCHOOL"

ITEMS WAT NIE DEEL VORM VAN DIE PAKKET NIE, MAAR SELF DEUR DIE OUERS AANGESKAF MOET WORD IS DIE VOLGENDE :

- 1 PAK SNESIES (200)
- 1 PAK "WET WIPES"
- 1 STEL GEEL "HOUSEHOLD" HANDSKOENE
- 1 250ML SAVLON/DETTOL
- 4 GROOT PAKKE LEKKERS (BV. TOFFIES / FRUTUS)
- 1 RIEM A4 PAPIER (500 VELLE)
- 2 LEESBOEKIES – ENIGE VLAK 1 BOEKIE
- 1 PAKKIE "FABRIC" PLEISTERS
- 1 BOTTEL HANDY ANDY
- 2 PAKKE WATTEBOLLE



# Graad RR
# Ekstra benodighede

DIE GR. RR-SKRYFBEHOEFTEPAKKET WORD DIREK DEUR DIE BUBBLE SHOP AANLYNWINKEL AANGEKOOP: HTTPS://BUBBLEAPP.CO.ZA/STORE/IMPALA-LAERSKOOL/ OF BY "COOL4SCHOOL"

ITEMS WAT NIE DEEL VORM VAN DIE PAKKET NIE, MAAR SELF DEUR DIE OUERS AANGESKAF MOET WORD IS DIE VOLGENDE:

- 1 PAK “WET WIPES”
- 1 PAK SNESIES (200)
- 1 BOTTEL JIK
- 1 HOUERTJIE “PINE GEL”
- 4 GROOT PAKKE LEKKERS (BV. TOFFIES / FRUTUS)
- 1 RIEM A4 PAPIER (500 VELLE)
- 1 LEË 2 LITER ROOMYSBAK (GEMERK)
- 2 LEESBOEKIES – ENIGE VLAK 1
- 1 BOTTEL SKOTTELGOED SEEP
- 2 PAKKE WATTEBOLLE

DIE GR. RR-BEDDEGOEDPAKKET WORD DIREK DEUR DIE BUBBLE SHOP AANLYNWINKEL AANGEKOOP: HTTPS://BUBBLEAPP.CO.ZA/STORE/IMPALA-LAERSKOOL/

- MATERIAAL SAK MET DIE SKOOL SE LOGO EN U KIND SE NAAM OP WAARIN BEDDEGOED WEEKLIKS HUISTOE GESTUUR WORD OM GEWAS TE WORD
- KUSSINGSLOOP MET U KIND SE NAAM OP
- PASLAKEN MET U KIND SE NAAM OP



# Skooldrag

- DIE JAKKERTJIES WOON SKOOL BY IN NETJIESE GEWONE DRAG
- OP VRYDAE MOET HUL EGTER, HUL STRALEJAKKERHEMPIES AANTREK SAAM MET ENIGE NETJIESE KORT- OF LANGBROEK.
- OP KOUE DAE WORD HULLE STRALEJAKKERBAADJIE SAAM MET DIE HEMPIE GEDRA

ALLE KLERE IS BESKIKBAAR BY DIE BUBBLESHOP AANLYNWINKEL OF BY "COOL4SCHOOL" GEEN KLERE KAN BY STRALEJAKKERS AANGEKOOP WORD NIE: HTTPS://BUBBLEAPP.CO.ZA/STORE/IMPALA-LAERSKOOL/

BAIE BELANGRIK:

- MERK ASSEBLIEF ALLE KLEDINGSTUKKE BAIE DUIDELIK OM ONS TE HELP OM VERLORE KLERE TERUG TE KRY
- VERLORE KLERE WORD NA 2 WEKE NA 'N WELSYNSORGANISASIE GENEEM







# Skoolure

## 07:30 TOT 13:00

REEDS VANAF 06:30 IS PERSONEEL AAN DIENS OM U KIND TE ONTVANG

DIE GR/R & GR/RR NASKOOLSENTRUM FUNKSIONEER HEELTEMAL APART VAN DIE LAERSKOOL. ONS MAATS BLY BY DIE SENTRUM WAAR HULLE VEILIG IN HUL OMGEWING NA OMGESIEN SAL WORD.

DIE NASKOOL SAL DEUR DIE VAKANSIE OOK BESKIKBAAR WEES. DAAR SAL ELKE VAKANSIE 'N VAKANSIESKOOL WEES, BEHALWE TYDENS DESEMBER SKOOLVAKANSIE.

NASKOOL URE:

- 13:00 GEKOOKTE MIDDAGETE
- 15:00 VERSNAPPERING EN KOELDRRANK
- 17:30 NASKOOL SLUIT

1. ONS VRA VRIENDELIK DAT OUERS ONS NASKOOL-MAATS STIPTELIK SAL KOM AFHAAL.
2. ELKE JAKKER WAT AFGEHAAL WORD VANAF 13:00, WORD UITGETEKEN DEUR SY/HAAR OUER OF GEMAGTIGDE PERSOON OM U KIND SE VEILIGHEID TE VERSEKER.

GEEN KIND SAL TOEGELAAT WORD OM TE GAAN INDIEN HY/SY NIE UITGETEKEN IS NIE. GEEN BOETIE, SUSSIE OF ANDER MINDERJARE KIND MAG 'N JAKKER OF 'N RAKKER UITTEKEN NIE!

DESIGN EMPEROR

# Skoolbeleid

## HARE:

**DOGTERS:**

- LANG HARE MOET NETJIES VASGEMAAK WORD MET REKKIES.
- HOU MAAR HUL KUIFIES KORT SODAT HARE NIE ONNODIG IN DIE OGIES HANG NIE.

**SEUNS:**

- HARE MOET KORT EN NETJIES WEES.

## ALGEMEEN:

**JUWELE:**

- BEPERK TOT DIE MINIMUM, AANGESIEN LEERDERTJIES LEKKER DAARMEE SPEEL EN VROETEL EN AANDAG SODOENDE VINNIG AFGELEI WORD.

**NAELS:**

- NAELS MOET KORT EN SKOON WEES. NAELLAK IS TOELAATBAAR.

**SPEELGOED:**

- GEEN SPEELGOED WORD SKOOLTOE GEBRING NIE, AANGESIEN ONS NIE VERANTWOORDELIKHEID DAARVOOR KAN AANVAAR NIE.

**TASSE:**

- TASSE WAT DEUR ONS AANVAAR WORD IS BESKIKBAAR BY DIE BUBBLE SHOP AANLYNWINKEL:

HTTPS://BUBBLEAPP.CO.ZA/STORE/IMPALA-LAERSKOOL/



DESIGN EMPEROR

# Skoolbeleid

**LAATKOMMERY EN AFWESIGHEDE:**

- OUERS, U KINDJIE IS WEL IN GR.R & GR. RR, MAAR AANGESIEN ONS 'N KURRIKULUM VOLG EN 'N GESKEDULEERDE DAGPROGRAM, SAL DIT WAARDEER WORD AS U REEDS VAN NOU AF GESONDE GEWOONTES KWEEK BY U KLEUTER TOV LAATKOM EN AFWESIGHEID.GEREELDE SKOOLBYWONING IS UITERS BELANGRIK VIR U KIND SE VORDERING.
- LET WEL DAT ONS REEDS OM 06:30 VM OOP IS IN DIE OGGEND.

**INHOUD VAN TASSIES:**

- GEEN GLAS KOELDRANKBOTTELTJIES NIE.
- SLEGS PLASTIEKBOTTELTJIES WAT STEWIG KAN TOEDRAAI.
- KOSBLIKKIE WAT STEWIG SEËL.
- PAK ASSEBLIEF 'N GESONDE KOSBLIK

**KLOK:**

- DIE KLOK LUI STIPTELIK OM 13:00 IN DIE MIDDAE.GEEN OUER MAG VOOR DIE TYD INKOM OM 'N KIND TE KOM AFHAAL NIE. NASKOOL LEERDERS NUTTIG HUL MIDDAGETE BEURTELINGS IN DIE EETSAAL.
- GEEN OUERS WORD TOEGELAAT OM VOOR 13:00 BY DIE KLASSIES ROND TE STAAN OF IN 'N BETROKKE KLAS IN TE GAAN OM U KIND TE GAAN AFHAAL NIE, AANGESIEN DIT STEUREND IS VIR DIE ONDERWYSERESSE.

**VERVERSINGS:**

- KOSBLIKKIE TYD:
  - ONS VRA VRIENDELIK DAT ELKE OUER 'N KOSBLIKKIE MET GESONDE KOSSIES SAL INPAK SKOOL TOE. ELKE MAATJIE MOET ASB. BY DIE HUIS REEDS ONTBYT EET.


DESIGN EMPEROR

# Instappies

- STRALEJAKKERS HET 'N KWARTAALIKSE FOOI WAT BETAALBAAR IS VIR INSTAPPIES.
- HIERDIE FOOI IS VOORUITBETAALBAAR PER KWARTAAL.
- DIE INSTAPPIE FOOI WORD AAN DIE BEGIN VAN DIE JAAR MET U GEKOMMUNIKEER



# Kiekies



# Graad R Bank besonderhede



## Laerskool Impala

## Bank Besonderhede

**Laerskool Impala**
**ABSA Bank Kempton Park**
**012 4085 0440**
**Takkode: 630542**

**Verwysing:**
**U kind se naam & van asook waarvoor die betaling is**
**Bv. Klere, Registrasie, Skoolgelde, ens.**

**e-pos bewyse van betaling na**
**graadr@impies.co.za**



# Graad RR Bank besonderhede

## Impala Kultuur Kleuterskool

## Bank Besonderhede


**Impala VKO Sentrum NPC**
**ABSA Bank Kempton Park**
**41 0023 8987**
**Takkode: 630542**

**Verwysing:**
**U kind se naam & van asook waarvoor die betaling is**
**Bv. Klere, Registrasie, Skoolgelde, ens.**

**e-pos bewyse van betaling na**
**finansies@impiekleuterskool.co.za**



DESIGN EMPEROR


DESIGN EMPEROR
Stralejakkers
KANTOOR
PERSONEELKAMER
BADKAMER
STOEP
POPHUIS
PERSONEEL PARKERING
R/6
GRAAD R SPEELGROND
GRAAD RR SPEELGROND
STOEP
STOEP
SAAL
R/1
R/2
R/3
R/4
R/5
BADKAMER
RR/1
RR/2
RR/3
RR/4


THIS BROCHURE WAS DESIGNED BY
DESIGN EMPEROR
WHATSAPP 069 726 2282
MAILDESIGNEMPEROR@GMAIL.COM
DESIGNEMPEROR.COMPANY.SITE